Jesus Project
Projek

Gratis/Free

Posbus/P O Box 977, Rant en Dal, 1751 Tel: (011) 665-2516
e-mail/e-pos: emb@mweb.co.za

Volume 1 - 2002

Ope brief oor die misbruik van die Here se Naam aan ...

Prof Hennie Stander

Dr Isak Burger

• Uitsaaiklagtekommissie van Suid Afrika (UKKSA) Film en Publikasieraad • SABC • Ster Kinekor • Nu Metro Teaters

Prof Adrio König

Prof Pieter Potgieter

Ds Jannie Pelser (organiseerder), Dr Isak Burger (president AGS), Prof Pieter Potgieter (vorige moderator, algemene sinode van die NGK), Prof Adrio König (teoloog), Prof Hennie Stander (redakteur Maksiman), Prof Johannes Froneman (Potchefstroom Universiteit), skryf:

Verwyder die misbruik van die Naam van die Here - dit is die regte ding om te doen.

Die wesentlike probleem wat gelowiges in Suid Afrika in hierdie verband ervaar kan nie verder onderspeel word nie. Wanneer tienduisende gelowiges 'n versoekskrif onderteken (tans meer as 142 000 en verteenwoordigend van verskillende kerklike, taal en kultuurgroepe) sou dit uiters onsensitief wees as die saak nie met die nodige erns hanteer word nie.

In die lig van bogenoemde:

1. Gelowiges vorm 'n beduidende deel van die breër Suider Afrikaanse gemeenskap en kan nie sondermeer ignoreer word nie.
2. Die standaard-antwoorde wat by talle navrae van die Uitsaaiklagte Kommissie, Film en Publikasie raad en ander instansies ontvang word, stel nie tevrede nie. Dit is tog baie duidelik dat maatreëls wat tans in plek is **nie aan verwagtinge voldoen nie.** Die voortdurende onrus in die harte van Christene moet aangespreek word.
3. Die ongemak met die misbruik van die Naam van God is 'n saak wat die **totale geloofsgemeenskap** in Suid-Afrika verontrus. Navrae bevestig dat die praktyk vir geen gelowige - wat ookal die godsdienstige oriëntasie - aanvaarbaar is nie.
   "The annual general meeting of the IFRB (Independant Forum for Religious Broadcasting), held on 15 November 1999, was unanimous in protesting against the frivolous, crude, and disrespectful use of divine names, such as God, Jesus and Christ, in radio and television programmes . . ." 'n Brief in 'n dagblad lui "Moslems voel ook beledig en gewalg wanneer ons hoor hoe die Naam van God in talle rolprente en oor TV misbruik word." *(Beeld 1 Julie 2002).*
4. Suid Afrika het 'n **eie kulturele oriëntasie**. Om iets wat in die buiteland aanvaarbaar is hier oor te plant en voor te gee dat dit die sentimente en oortuigings van mense ter plaatse weerspieël, is onredelik en onwetenskaplik. **Die opmerklike afwesigheid van die tersaaklike praktyk in plaaslik vervaardigde programme ter stawing.**
5. In gesprek is gesê dat die misbruik van die Naam van die Here so vernuftig van klankbane van rolprente en ander produksies verwyder word dat niemand dit agterkom en daaroor kla nie. Waarom dan 'n saak behou wat soveel aanstoot gee terwyl die afwesigheid daarvan geen negatiewe reaksie ontlok nie. Hoeveel briefwisseling word, in vergelyking met die reaksie van Christene, gevoer deur groepe wat sogenaamde spraakvryheid voorstaan?
6. Terwyl ons in Suid Afrika besig is met die **morele opbou** van die volk word **disrespek en minagting vir God** propageer. **Kan ons bekostig om van God ons vyand te maak?**
7. Die gedurige aanhaal van die grondwet om 'n onaanvaarbare praktyk te probeer goedpraat help ook nie. Is die grondwet bo die belange van die gemeenskap verhef of is dit juis daar om die belange van die **gemeenskap te bevorder en te beskerm**? (Ons interpretasie van die grondwet is dat dit juis die verlangde beskerming wil verleen).
8. Vryheid van spraak kan in geen gemeenskap 'n absolute en ongekontroleerde voorreg wees nie. Alle vryhede het perke.
9. Om eers nadat 'n program uitgesaai of 'n film vertoon is iets daaraan te probeer doen is mostert na die maal. Pro aktiewe optrede is tog oral die wagwoord.
10. Het gesprek enige prognose of sal standaard argumente, hofuitsprake, grondwetlike kwessies en spraakvryheid gelowiges net **verder van bogenoemde instansies vervreem?**

In die lig van bogenoemde vra gelowiges onomwonde dat:

- die misbruik van die Naam van die Here in alle gevalle uit die media, met name rolprente en televisieprogramme redigeer word. Indien nie dan minstens dat:
- die SAUK in die toekoms konsekwent die misbruik van die Naam van die Here in gesinstyd uitlaat en dat ander programme met duidelike aanduiding te kenne gee dat die Naam van God misbruik word. 'n Spesiale simbool soos "B" vir "Blasphemy" moet aangebring word . Die letter "L" is vanweë die subjektiewe beoordeling van krutaal nie genoegsaam nie. 'n Minimum ouderdomsbeperking van 13 moet geld waar die Naam van die Here misbruik word.
- die Film en Publikasieraad ernstig versoek word om rolprente in die toekoms konsekwent te klassifiseer. Daar moet 'n besliste aanduiding wees dat die Naam van God in 'n bepaalde rolprent misbruik word sodat kykers ingeligte besluite kan neem. Die "L" aanduiding is nie genoegsaam nie omdat vloek en kru taal dikwels meer subjektief van aard is. Die simbool "B" (blasphemy) moet aangebring word en 'n minimum ouderdomsbeperking van 13 geld.
- die Uitsaaiklagtekommissie van Suid Afrika sy eie beleid (verwys art 7) konsekwent toepas deur toe te sien dat die Naam van God nie op moedswillige wyse misbruik word nie.
- die SAUK versoek word om plaaslike inhoud in programmering te verhoog.
- Ster Kinekor en Nu Metro in belang van kykers, eerder as om winsbejag ten koste van kykers na te jaag, druk op rolprentvervaardigers uitoefen om nie voort te gaan met die onnadenkende misbruik van die Naam van die Here nie. Verder dat die betrokke teatergroepe daarvan kennis neem dat klante in die geval van gebrekkige inligting (vgl; "B" vir misbruik) toegangsgeld sal terugeis as die teater voor die einde van die vertoning verlaat word.
- dat bogenoemde instansies hul eie bepalinge konsekwent in die praktyk toepas.
- dat die media ophou om gelowiges se besware deur eindelose rompslomp te probeer besweer.

Hierdie ope brief met die opregte bede dat ons mekaar sal vind — 25 Oktober 2002

Kry jou banier en getuig

'n Banier soos hierdie kan 'n stewige impak maak in 'n gemeenskap. Vertoon dit op 'n prominente plek waar verbygangers dit kan sien. Maak egter seker dat die nodige toestemming verkry is en gelde waar van toepassing vereffen is.

Die Eksodusteks verwys natuurlik na die misbruik van die Naam van die Here. Die banier laat baie mense hul Bybel opneem . . . al is dit net uit nuuskierigheid. So werk die Gees op allerlei wyses. **Navrae (011) 665-2516.**

Johan van der Westhuizen en Jannie Pelser met 'n Eksodus-banier.